

**29 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 8:22-26**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 8:22**

**“Ons kan bou op die werk deur Jesus volbring”**

Vir Israel het daar 'n nuwe tydperk van aanbidding voorgelê. Die tempel van Salomo was voltooi en die verbondsark het sy staanplek in die tempel gekry. Met tyd het die formele aspekte van hulle aanbidding in plek gekom. En dit sal inderdaad nooit afgehandel wees totdat die Here weer kom nie.

Salomo wy die geboue in deur 'n kort toespraak en 'n lang gebed wat die hoofmoment vorm. “God se huis sal huis van gebed wees.”

Maar al sou die uitwendige vorm van aanbidding verander, was die inhoud steeds dieselfde. Wees gereed: die ware Offer is op pad. Hy wat die kop van Satan sal vermorsel. Salomo gaan staan regoor die altaar van die HERE (die Verbondsgod) en strek sy hande seënend oor die gemeente uit. Vanuit die offeraltaar sou die gemeente geseën word om die kerk te laat word waarvoor Hy dit bestem het.

Die ware koningshuis van Dawid sou uiteindelik in Jesus Christus gevestig word. En oor jare heen sou ons deur die werk van die Heilige Gees die ewigheid binnegelei word – God altyd by sy kerk.

Wat vir die mense in die Ou Testament met hulle diere-offers slegs 'n hunkering was, is vir ons werklikheid. Diere-offers het God se woede oor die sonde net tydelik gestil. Ons word geseën met die offer van Jesus Christus wat volledige versoening en volkome vrede gebring het.

Dit is onvermydelik dat die uiterlike vorm van ons aanbidding sal verander. Die inhoud kan egter nooit verander nie, want dit is onvervangbaar. God en sy eer sal altyd ons hoogste doel wees. Sy seën sal altyd na sy kinders kom deur die seënende hande vanuit die priesterlike werk van Jesus Christus, wie se offer volbring is.

*Sing: Psalm 134:1-4 (1936)*

*Ds. A (Attie) Venter (Pretoria-Annlin)*